ONDERWERP 1

BASIESE REKENINGKUNDIGE KONSEPTE

VRAAG 1 (MEERVOUDIGE KEUSE)

Kies die korrekte antwoord van die gegewe opsies en dui jou antwoord in die tabel in die antwoordboek aan.

1. Watter van die volgende sal **nie** in ’n algemene grootboek voorkom nie?
a) Kapitaal
b) Kontantontvangstejoernaal
c) Verkope
d) Handelsvoorraad

2. Watter van die volgende sal **nie** in die nominale rekeninge afdeling in die algemene grootboek voorkom nie.
a) Verkope
b) Toerusting
c) Skryfbehoeftes
d) Versekering

3. Vaste bates word aangekoop vir:
a) Die doel van herverkoop.
b) Herverkoop na ’n paar jaar.
c) Gebruik in die besigheid.
d) Iets anders.

4. Watter van die volgende saldo’s sal **nie** in die staat om finansiële posisie voorkom nie.
a) Grond en geboue
b) Bank
c) Dienste gelewer
d) Kapitaal

5. Watter van die volgende saldo’s sal **nie** in die staat van omvattende inkomste voorkom nie?
a) lopende inkomste
b) huur uitgawe
c) salaris van bestuurder
d) onttrekkings

6. ’n Krediet saldo word verminder deur:
a) ’n debietinskrywing.
b) ’n kredietinskrywing.
c) beide krediet- en debietinskrywings.
d) geen van bogenoemde.

Intellektuele eiendom van Like2Understand

7. 'n Rekening met 'n kredietinskrywing van R100 en 'n debietinskrywing van R100 het 'n _____ saldo.
a) debiet
b) krediet
c) debiet of krediet
d) nul

8. 'n Rekening met 'n debietinskrywing van R200 en 'n kredietinskrywing van R50 het 'n _____ saldo van R150.
a) debiet
b) krediet
c) debiet of krediet
d) nie moontlik om te antwoord nie

9. Bates minus laste is gelyk aan:
a) bedryfslaste.
b) kapitaal.
c) laste.
d) ekwiteit

10. Indien 'n besigheid R4 000 kontant besit, krediteure van R500 en grond en geboue ter waarde van R15 000, is die eienaarsbelang:
a) nie berekenbaar nie.
b) R10 500.
c) R15 000.
d) R18 500.

11. Indien 'n transaksie glad nie aangeteken word nie sal dit aan die einde van die maand die volgende effek op die proefbalans hê:
a) totaal van die debietkolom oorskry dié van die kredietkolom.
b) totaal van die kredietkolom oorskry dié van die debietkolom.
c) totale sal steeds ooreenstem.
d) geen van bogenoemde.

12. Die brondokument(e) wat gebruik word wanneer die eienaar sy belegging in die onderneming vermeerder deur die geld by die besigheid in te betaal, is:
a) Die kwitansie en deposito strokie.
b) Bankstaat.
c) die kasregister strokie en deposito strokie.
d) die oorspronklike faktuur.

13. Die brondokument(e) wat gebruik word wanneer huur ontvang word en die geld by die besigheid inbetaal word, is:
a) Die kwitansie en deposito strokie.
b) Bankstaat.
c) die kasregister strokie en deposito strokie.
d) die oorspronklike faktuur.

Intellektuele eiendom van Like2Understand

14. Die brondokument(e) wat gebruik word wanneer dienste kontant gelewer word en die geld by die besigheid inbetaal word, is:
a) Die kwitansie en deposito strokie.
b) Bankstaat.
c) die kasregister strokie en deposito strokie.
d) die oorspronklike faktuur.

15. Bates min ekwiteit is gelyk aan:
a) bedryfslaste.
b) kapitaal.
c) laste.
d) bedryfsbates.

VRAAG 2 (WAAR OF ONWAAR)

Dui aan of die volgende stellings waar of onwaar is.
1) Elke kwitansie beïnvloed die ekwiteit in ’n besigheid.
2) Elke EFO betaling is ’n uitgawe vir die besigheid.
3) Skryfbehoeftes is ‘n voorbeeld van ‘n uitgawe.
4) Inkomsterekeninge word gekrediteer, want inkomste vermeerder die ekwiteit.
5) Indien die kontant in ’n besigheid verminder, sal die ekwiteit ook verminder.
6) ‘n Bate wat op krediet gekoop is, het geen effek op die ekwiteit nie.
7) Uitgawerekeninge word gedebiteer, want uitgawes verminder die ekwiteit.
8) Korting toegestaan is ’n uitgawe.
9) Onttrekkings verminder ekwiteit.
10) Verbruiksgoedere is ’n voorbeeld van ’n bate.
11) ’n Bate wat met kontant gekoop is, het geen effek op die ekwiteit nie.
12) Onttrekkings is ’n uitgawe vir die besigheid.
13) Debiteure is ’n inkomste.
14) Dienste gelewer het ‘n invloed op ekwiteit.
15) Verkope verminder ekwiteit.
16) ‘n EFO betaling aan ‘n krediteur verminder bates.
17) Toerusting op krediet gekoop, verminder bates.
18) Dit is moontlik vir die bankrekening om ’n bate of las te wees.
19) Wanneer goedere op krediet verkoop word, beïnvloed dit laste.
20) Koste van verkope verminder ekwiteit.

VRAAG 3 (KLASSIFISERING)

Ontleed die volgende rekeninge volgens die kolomme in die antwoordboek.

1) Grond en geboue
2) Lone
3) Huur inkomste
4) Rente op lening
5) Oortrokke bank

6) Onttrekkings
7) Kapitaal
8) Krediteure
9) Debiteure
10) Gunstige banksaldo
11) Handelsvoorraad
12) Kleinkas
13) Toerusting
14) Lening
15) Wisselgeld
16) Vaste deposito
17) Dienste gelewer
18) Skryfbehoeftes
19) Versekering
20) Verkope

VRAAG 4 (KLASSIFISERING)

Klassifiseer die volgende as eienaarsbelang, nie-bedryfsbate, nie- bedryfslaste, bedyfsbates, bedryfslaste, inkomste of uitgawe. Skryf slegs die antwoord op die antwoordblad.

1. Lone
2. Verbruiksgoedere
3. Bank – ongunstig
4. Versekering
5. Kommissie inkomste
6. Vaste deposito
7. Verbandlening
8. Kleinkas
9. Meubels
10. Koste van verkope
11. Advertensies
12. Huurinkomste
13. Brandstof
14. Toerusting
15. Kapitaal
16. Skryfbehoeftes
17. Dienste gelewer
18. Verkope
19. Onttrekkings
20. Rente op vaste deposito